

## 4 Mei - GROOTHEID

**Skrifgedeelte: Psalm 66:1-20 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Psalm 66:3, 4**

**D**ie Psalmdigter roep die ganse aarde op om te juig. Daar moet blydskap wees. En dan gee hy die grond vir hierdie blydskap. Die ontsagwekkende werke van God getuig van sy grootheid en moet ons bring tot 'n eerbiedige vrees.

Ons blydskap, vreugdes moet kom uit die Here se kragdadige selfopenbaring. God se werke in die geskiedenis – in ons lewe elke dag – moet die rede wees waarom daar blydskap is.

*Kyk terug* – Die HERE se magtige verlossingsdade in die geskiedenis bring vreugde. Die Psalmdigter kyk terug na God se verlossingsdade. In Christus het Hy ook vir ons die onoorkombare, die sonde, oorwin en het Hy die verlossingspad na die ewige Kanaän oopgemaak.

*Kyk rondom jou* – God se genadige bemoeienis met sy kinders spreek egter ook uit sy louteringsdade waarmee Hy met ons besig is. Vers 9 sê dit is Hy wat ons die lewe gee en nie toelaat dat ons sal struikel nie. In Christus het ons die lewe. En deur die Heilige Gees word ons in staat gestel om nie te struikel nie. Maar ons is nou besig met 'n heiligmakingsproses. Ons is medewerkers van God se heiligheid. God tug ons tot ons beswil sodat ons in sy heiligheid mag deel (Heb 12:10).

God is in beheer onder alle omstandighede. Hierdie dade van God in die geskiedenis, maar ook elke dag in ons lewe, getuig van sy grootheid en moet ons aanvuur tot blydskap. Dit moet 'n eerbiedige ontsag vir God by ons inboesem. Dit moet ons aanspoor tot dade wat getuig dat ons ons vreugde in die Here vind.

Dit is hoe die Psalmdigter op hierdie selfopenbaring van God in sy werke reageer. Sy vreugde kom uit in sy dade. Hy eer die Here met brandoffers – dit is offerandes waarmee alles gegee word. Hy gee die beste – die vetstes. Sy dankbaarheid vir God se genadige bemoeienis met hom kom uit in dit wat hy gee.

*Sing: Psalm 66: 1*

*Ds TC de Klerk (Okahandja)*